

Nuusbrief 186

23 Oktober 2013



Beste lede,

LOON-OORENKOMS VIR DIE SAAGMEULBEDRYF

Die nuutste ooreenkoms rakende lone en ander diensvoorwaardes vir die Saagmeul-sektor, waarbinne alle verduursamingsaanlegte ook ressorteer, is onlangs deur die belanghebbende partye onderteken en is beskikbaar op ons webtuiste. Dit sluit minimum lone en ander voorwaardes vir die periode 1 Julie 2013 tot 30 Junie 2014 in. Om dit af te laai, klik op "INFORMATION" skakel, dan "TOPICAL & SAFETY ISSUES" en dan onder die inligting rakende die "Bargaining Council for the Wood and Paper Sector", klik op "*Substantive Agreement on Wages and other Conditions of Employment for the Sawmilling Chamber*". Opsommend is die minimum loon met 7.25 % verhoog, effektief vanaf 1 Julie 2013, tot R 2 230 per maand.

NUUTSTE AFVALREGULASIES

Op die 23ste Augustus 2013 is die nuutste Afval Klassifikasie en Bestuur Regulasies in Staatskennisgewing 634 gepubliseer. Die doel van die Regulasies is die regulering van die klassifikasie en bestuur van afvalprodukte, die voorskryf van algemene verpligtinge van 'n afvalgenereerder, vervoerders en bestuurders, die voorwaardes en tydsraamwerke vir die bestuur van sekere soorte afval, die vereistes vir die verwydering daarvan na opvullingsterreine, ensovoorts. Dit gee ook implementering en tussentydse bepalings van toepassing vanaf datum van aanvang. Lede word aangeraai om deeglik kennis te neem van die regulasies. Lede kan met SAWPA in verbinding tree vir 'n afskrif.

STATISTIEKE VIR 2012

Na 'n breuk van een jaar, en nadat dit die grootste deel van hierdie jaar geneem het om die 2012-produksiesyfers bymekaar te maak en te verifieer, is die 2012-syfers uiteindelik beskikbaar. Selfs al word die statistieke deur SAWPA gefinaliseer en bekend gemaak, bly dit bedryfstastieke en wil ons graag ons dank aan alle aanlegte, lede en nie-lede betuig vir hulle deelname en beskikbaarstelling van hulle produksiesyfers. 'n Spesiale woord van dank gaan ook weereens aan die SABS en SATAS vir die bymekaarmaak en opsomming van die inligting. Daar sal 'n daadwerklike poging aangewend word om te verseker dat die 2013-syfers binne 'n korter tydperk geïm kan word en vroeër beskikbaar gemaak kan word, verkieslik voor die einde van die eerste kwartaal van 2014. Ons versoek dus vriendelik dat aanlegte solank begin met die stelselmatige bymekaartel en opsom van syfers sodat dit reeds binne die eerste paar weke van 2014 gereed is. Die lede wat die onlangse streeksvergaderings bygewoon het en 'n opgesomde konsepaanbieding van die statistieke gesien het, sal opmerk dat die syfers drasties verander is nadat ons bewus geword het van foute op die aanvanklike inligting wat ingedien was, en daarna hersien is. Kontak asseblief Sue vir 'n afskrif.


NRCS HEFFING EN FOOIE

Die nuutste gewysigde regulasies te make met die betaal van heffings en fooie aangaande verpligte spesifikasies was onlangs in Staatskennisgewing 723 van 4 Oktober 2013 gepubliseer. Lede sal bly wees om te hoor dat die voorgestelde verhoging van September 2012 van R1,11c per m³, en wat ons in die vergadering gehou op 7 Desember 2012 teengestaan het, teruggewysig is na die oorspronklik ooreengekome heffing van R1,04c per m³. Die nuwe aansoek-fooie vir goedkeuring van 'n vervaardigingsaanleg is egter aangepas na R 1 060.00, maar sal slegs van toepassing wees op die aanlegte wat nog geensins 'n aansoek vir goedkeuring ingedien het nie. Die aanlegte wat wel reeds aansoek ingedien het van so vroeg as Januarie 2013 tot en met die 4de Oktober 2013, se aansoekfooie wat gegeld het ten tyde van die indiening, bly geldig, aangesien die NRCS nie vordering gemaak het met die prosessering van die aansoek reeds ingedien nie.



SAWPA SAL 'N UITSTALRUIMTE BEMAN BY DIE KOMENDE CAPE CONSTRUCTION EXPO VANAF DIE 31^{ste} tot die 2^{de} NOVEMBER, EN SAL OOK 'N AANBIEDING OOR HOUTVERDUURSAMING OP DIE OPENINGSDAG AANBIED BY EEN VAN DIE 4 WERKSESSIES TYDENS DIE DRIE DAE BY DIE EXPO. ANDER HOUTVERWANTE ORGANISASIES WAT OOK GAAN UITSTAL, IS DIE INSTITUUT VIR HOUTKONSTRUKSIE (ITC) EN DIE INSTITUUT VIR HOUTRAAMHUIS BOUERS (ITFB)

PRODUK VEILIGHEID ETIKETTE



'n Besluit is op die onlangse Uitvoerende Komitee vergadering van die 18^{de} September 2013 geneem dat SAWPA vir die interim sal voortgaan met die gratis verskaffing van veiligheid etikette aan lede. Die besluit sal egter periodies heroorweeg word gebaseer op die beskikbaarheid van nodige fondse. Neem egter kennis dat die etikette slegs op versoek verskaf sal word en lede moet dus die SAWPA kantoor kontak en 'n bestelling plaas vir rolle waarna dit aan u gepos sal word. Lede word aangespoor om van die geleentheid gebruik te maak en sodoende help dat ons die plig en verantwoordelikheid nakom om veiligheidsinligting m.b.t. behandelde hout op die manier aan die eindverbruikers oor te dra.

Nuus brokkies

- Besoeke aan die SAWPA webtuiste gedurende Augustus en September was onderskeidelik 47009 & 49209.
- VPI vir September was 6.4
- Die 2014 SAWPA kalenders is reeds gedruk en ons is in die proses om na raming 1600 kopieë te versprei aan lede, argitekte, ingenieurs, korporasies, en ander belangstellendes. Wees asseblief op die uitkyk vir u kopie en indien u nie teen die middel tot einde November 'n almanak deur die pos ontvang het nie, kontak ons gerus.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrieff gemaak is nie.